



# ecsponuus

## Impak van olieprys

Die daling in die olieprys bring nie net direkte verligting vir motoriste nie. Dis 'n reuse-meevaller vir ons sukkelende ekonomie!

Die brandstofpryse sal aanstaande maand in alle waarskynlikheid met 'n verdere R1 daal wat sal beteken die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sal kleiner wees wat inflasie binne sy teikenband sal hou.

Die deflasyonêre uitwerking sal rentekoersverhogings afweer en sal help dat die rand matig sterker sal bly as voorheen – ten spyte van die verwagte styging in die prys van elektrisiteit.

Die verlaging in die prys van olie het terselfdertyd 'n groot impak op die wêreld-ekonomie wat nie vir almal ewe voordelig is nie. Oliemaatskappye dank reeds personeel af en staak groot kapitaalbestedingprojekte terwyl olieprodusente hul besteding in Amerikaanse staatseffekte, aandele en eiendom inperk – die Opu! petrodollars droog op!

Ons eie hulpbronpryse het reeds skerp begin daal en Sasol se aandeelprys het, byvoorbeeld, die afgelope drie maande met byna 30% geval. Die prys van steenkool, ystererts en koper het ook reeds skerp gedaal en myne dank werknemers op groot skaal af.

Plaaslik is daar reeds 'n beroep gedoen dat die brandstofheffing met sowat R1 verhoog moet word om onder meer met die opgradering van Eskom se elektrisiteitsnetwerk te help. Die brandstofprys sluit reeds belastings en heffings van 47% in en om dit met 'n verdere R1 – pleks van 'n aanvaarde 30 c tot 40c - te verhoog, sal buitensporig wees.

Boonop verwag die Internasionale Energie-agentskap (IEA) dat oliepryse in die tweede helfte van die jaar van die huidige \$49 per vat tot sowat \$95 per vat kan styg. Ons kan nie verwag dat die Regering die brandstofheffing weer sal verlaag as brandstofpryse oor 'n paar maande begin styg nie!

Ecsponent se filiale het geen regstreekse beleggings in hulpbronaandele nie en daarom verwag ons dat die verlaagde brandstofpryse net 'n positiewe impak op die maatskappy op die langtermyn sal hê.

Groete

Anton



Dr Anton Hay - Bemakings Direkteur

## Kleinsake is GROOT SAKE!

Is 'n kleiner genoteerde maatskappy noodwendig meer riskant as die groot maatskappye van die Top 40 Indeks van die JSE?

Daar is beleggers wat slegs in genoteerde maatskappye belê. Daar is egter ook beleggers wat net in die top 40 maatskappye van die JSE belê of in een van die vier groot lewensversekeringsmaatskappye.

Die ironie is dat kleiner maatskappye op die JSE die afgelope tien jaar beter opbrengste as groot en medium maatskappye getoon het. Is dit nie 'n aanduiding dat jou beste geleentheid vir groei by hulle lê nie?

Die JSE het sy Top 40 Indeks en dan ook die Middelkapitalisasie Indeks (Mid Kap Indeks) wat die volgende sestig maatskappye van die JSE insluit, gebaseer op hul markkapitalisasie. Die Kleinkapitalisasie Indeks (Klein Kap Indeks) bestaan uit die res van die maatskappye wat nie onder die Top 40 of die Mid Kap Indeks val nie.

Die afgelope tien jaar was die Top 40 Indeks se opbrengs 333% – amper die helfte minder as die 606% vir die Mid Kap Indeks en 649% vir die Klein Kap Indeks. Dit beteken die kleiner genoteerde maatskappye het die 40 top maatskappye met 31% per jaar of 2,6% per maand die afgelope tien jaar geklop!

Om dit verder te illustreer het Alpha Wealth 'n oefening gedoen waar hulle die top vyf aandele van elk van die Top 40, Mid Kap – en Klein Kap Indekse vir 'n volle tydperk van tien jaar gehou het (sien illustrasie). 'n Aanvanklike belegging van R100 000 in die Top 40 sou gegroei het tot R2,5 miljoen vandag (wat nie sleg is nie) maar dieselfde bedrag in die Klein Kap Indeks sou tot 'n yslike R7,7 miljoen (baie beter) toegeneem het!

Kleinkapitalisasie-maatskappye beteken hul markkapitalisasie (aandeelprys vermenigvuldig met die aantal aandele om die waarde van die maatskappy te bepaal) is minder as R2,5 miljard.

Ecsponent Beperk is so 'n genoteerde kleinkapitalisasie-maatskappy en sy produkte is onder die voorkeurafdeling van die JSE genoteer. Beleggers vra dikwels hoe Ecsponent dit regkry om beter koerse aan te bied en geen koste op sy beleggings te verhaal nie.

Die antwoord lê in die woorde van die sake-guru dr. Anton Rupert. Die stigter van die Rembrandt Groep het 35 jaar gelede reeds gewaarsku teen die "Groot of Dood" benadering dat net groot maatskappye op ekonomiese, politieke en sosiale gebiede in tye van onsekerheid kan meeding.

Sy siening – soos gerapporteer in 'n publikasie van die Universiteit van Pretoria – was dat groot ondernemings se pogings om te diversifiseer, dikwels nie suksesvol is nie om vier redes: die skaarsheid van entrepreneurs in groot ondernemings, gebrek aan praktiese ervaring, 'n oormaat van gespesialiseerde kennis wat ingebring moet word en dat die bestuurstyl te formeel mag wees wat organisatoriese stramheid meebring.

Een van die grootste en belangrikste voordele van kleiner maatskappye was volgens dr. Rupert die onbetwiste vermoë om werk te skep. In 'n ondersoek deur die Massachusetts Institute of Technology is gevind dat:

- meer as 60% van alle werk in die VSA deur klein sake met minder as 20 werknemers geskep is;
- groot ondernemings (meer as 500 werknemers) minder as 15% van alle nuwe betrekkings skep; en
- die meeste werk geskep word deur ondernemings jonger as vier jaar – daarna daal die kurwe.

Die kenmerkende profiel van 'n werkskeppende organisasie is volgens dr. Rupert dat hy klein en gewoonlik onafhanklik is. 'n Tweede belangrike voordeel is buigsaamheid veral

wat die besluitnemingsproses betref. Groot maatskappye het dikwels baie nadele van die staatsdiens in die opsig dat kommunikasiekanale lank is, besluitnemings traag is en daar is te veel kanale van raadpleging.

Daarenteen bied 'n kleiner onderneming ruim geleentheid vir innovasie – ontwikkeling van nuwe produkte en dienste – waarmee die mededingende basis van die ekonomie verbreed word.

Die klein sake-onderneming is die spierkrag van enige ekonomie. Dit is die produk van die entrepreneur se inisiatief, sy skeppende denke, ambisie en uiteindelijke deursettingsvermoë wat die sukses van die onderneming verseker.

Klein kapitalisasie maatskappye is egter minder likied en kry minder aandag van markontleders. Dit beteken dat die aktiwiteite van die kleiner maatskappye dikwels nie aan die beleggingspubliek bekend is nie.


Vir beleggers wat bereid is om hul huiswerk te doen, is daar aantreklike beleggingsgeleenthede onder die klein kapitalisasie maatskappye - veral onder klein maatskappye wat nie na behore ontleed is nie met bewese sakemodelle, defensiewe balansstate en wat goed geplaas is om groeigeleenthede te benut.

Ten spyte dat hulle vinniger groei is klein kapitalisasie aandele ook heelwat goedkoper as die baie verhandelde en goed nagevorsde prima aandele.



Dr Anton Rupert

### Alpha Wealth Beste Presteerders



Alle suksesvolle maatskappye het klein en iewers in die verlede begin. Die sleutel tot die sukses van 'n kleinkapitaal-maatskappy lê in die bestuur en sy vermoë om die welvaartskeppende maatskappy te ontwikkel en te vestig.

Die langtermyn vooruitsigte van Ecsponent is uitstekend. Die filiale van Ecsponent het die afgelope finansiële jaar van ses tot agtien toegeneem en tientalle werksgeleenthede is geskep. Die solvensie – en likiditeitsratio's – is ook tans die beste in jare.

Die krag van Ecsponent se onderliggende bedrywighede, sy unieke genoteerde voorkeuraandele wat streng gereguleer word en visionêre denke van die bestuur maak Ecsponent 'n gerekende speler in Suidelike Afrika.